Vinkie

Laerskool Fairland

Marketstraat 145, Fairland | 011 678-4591/2 | www.lsfairland.co.za | Jaargang 22 nr 35 | 26 November 2015

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Personalia

Ons dink aan Keanu le Roux wie se pappa oorlede is. Ons bid jul ons Hemelse Vader se vertroosting toe.

KULTUUR		SPORT		ALGEMEEN	
				16 □30 Nov.	Eksamen vir gr. 4- tot gr. 7-leerders
				30 Nov.	Gr. 1- tot gr. 6-leerders: Afsluitingsfunksie
				2 Des.	Gr. 7-afsluitingsfunksie: Gold Reef City
				9 Des.	Skool sluit om 11:00

VAN DIE BEHEERLIGGAAM

SKOOLGELD 2016

Die skoolgeld vir 2016 is tydens die algemene ouervergadering op die volgende vasgestel:

Gr. R: R17 400.00

Gr. 1 tot gr. 7: R16 250.00

INSKRYWINGSBOEKE 2016

Indien u nog nie die inskrywingsboek vir 2016 ingehandig het nie, vra ons dat u dit asb. nie later as Vrydag 27 November inhandig nie.

Indien ons nie die boeke terug ontvang nie, neem ons aan dat u kind nie die skool in 2016 gaan bywoon nie en sal die leerder nie vir klasindeling oorweeg word nie.

REDAKSIE

DERTIEN

Dertien is een van die mees veelbesproke getalle wat ek ken. Die meeste mense assosieer 13 met onheil en ongeluk soos in Vrydag die Dertiende. Ek is geneig om dertien as 'n positiewe getal te sien. Dertien word tog saamgestel deur verskeie ander getalle soos ses en sewe. Ses kan 'n mens assosieer met die ses dae wat dit geneem het om die Skepping in al sy glorie daar te stel. Ses is ook deesdae die nuwe getal vir al ons sintuie: gehoor, sig, reuk, gevoel, smaak en die nuwe een, instink. Sewe dae in 'n week, waarvan die sewende een ons rusdag is en die dag waarop ons besinning doen oor ons doel hier in die Skepping. Sewe, is hoe oud ons word in ons eerste skooljaar en wat 'n voorreg is dit nie om te kan leer nie!

Maar dertien word ook saamgestel uit drie en 10. Tien wat bekendstaan as die perfekte telling soos in 10 uit 10. Ek dink onmiddelik aan al daai speltoetse en hoe lekker dit is om volpunte te kry. Of as jy iemand wil komplimenteer en vir hom s□ dat hy 'n TIEN is… Drie aan die ander kant, herinner dadelik aan 'n drie-enige God, aan die verhouding tussen elkeen, sy medemens en sy Skepper. Vir 'n meer spesiale driehoek kan jy nie wens nie. So kan jy bykans na elke getalkombinasie van dertien kyk en 'n spesiale positiewe assosiasie daarmee maak.

Wat meer is, DAAR IS NOG NET DERTIEN SKOOLDAE OOR VOOR DIEVAKANSIE MATERS!!

Geniet die laaste paar en onthou, die lewe bestaan nie net uit nommers, punte of maatstawwe nie. En jy is in elk geval verantwoordelik vir jou eie somtotaal.

Erika

AKADEMIE

EKSAMENROOSTER 2015 - KWARTAAL 4

DAG	DAT.	GR. 4	GR. 5	GR. 6	GR. 7
Vr.	27/11	Wisk.	Wisk.	Wisk.	NW
Ma.	30/11	LV	LV	Eng.	SW

KULTUUR

SENIORKOOR

Datums 2016

Maak solank 'n aantekening in jou 2016 dagboek!

6 Februarie - Werkswinkel

26 -28 Februarie – Koorkamp

Erika Joubert

SPORT

NETBAL: Toekenning

Baie geluk aan Stephanie van der Merwe, 'n o/12-netbalspeler, wat die trofee as beste netbalspeler o/12 vir 2015 ontvang het. Sy deel hierdie trofee met Mathilda Steyn. Ons is met reg trots op ons netbaldogters.

SENIOR TENNIS

Belangrike datum:

Daagwedstyde: 11 – 22 Januarie 2016

INLIGTINGSENTRUM

AFSLUITING: Medialeiers en Leesklubleiers

DATUM:	Donderdag 3 Desember
TYD:	08:00 tot 13:00
WAAR:	Honeydew Mazes: KOERSHOU-KOPHOU-skattejag!
DRAG:	Gemaklike klere en skoene. Onthou jou sonblok en hoed/pet!
KOSTE:	R40
	Bring geld vir ekstra koeldrank.

Onthou om jou skeurstrokie en geld voor/op Donderdag 26 November vir juf. Leanie te gee.

UITSTAANDE MEDIABOEKE

Besorg terug voor/op Maandag 30 November. As die boek verlore is, is die vervangingskoste R100 per boek.

MEDIALEIERS EN LEESKLUBLEIERS 2016

Motiveringsbriewe van belangstellendes is ontvang. Die keuringsproses is aan die gang en leerders sal binnekort in kennis gestel word van die uitslag.

Mediagroete!

Leanie Taljaard

ALGEMEEN

VERE-KAS

Tye gedurende die eksamen

Die Vere-kas gaan slegs oop wees in die oggende wanneer daar eksamen geskryf word. Op 17, 19, 23, 25, 27 en 30 November. Op 30 November sal ek tot ongeveer 11:00 by die Vere-kas wees.

Lillian Ankersmit (082 324-5034)

Toediening van medikasie Gr. 1 tot Gr. 3

Indien 'n leerder ongesteld is en medikasie by die skool moet drink, moet u asb. die medikasie met duidelike voorskrif van die toediening aan die klasonderwyseres stuur.

KAMP - KAMP - KAMP: 11 – 13 MAART 2016

Die pa-seun kamp se beplanning vir 2016 is in wording. Hou solank hierdie naweek oop!!

Ek het vir julle huiswerk gedurende die Desembervakansie met 'n klein kompetisie hierdie jaar.

Ek soek idees by die seuns vir aktiwiteite wat julle gedurende hierdie naweek wil aanpak.

Laat kry dit vir my teen 11 Januarie 2016 asseblief – die beste 3 voorstelle sal elkeen 'n prys wen.

So paar riglyne hiervoor:

- die idee is dat pa's en seuns dit saam moet doen
- dit moet nie enige ernstige beserings veroorsaak nie

Ek sien uit na al julle terugvoer en deelname!!!

Indien daar enige ander pa's is wat hulp wil aanbied met die reëlings van die naweek, hoor ek graag van julle!!

Jaco Fourie (083 6333 944 / jaco@kotfou.co.za)

ADVERTENSIES

RESONANZE PROJECT MUSIEKSKOOL : BERARIO-ONTSPANNINGSENTRUM

Bespreek jou MUSIEKLES NOU vir 2016!! Resonanze Project Musiekskool bied lesse aan te kies en te keur. Klavier, sang, viool, dromme, kitaar en musiekprogrammering.

Kontak Anthea 081 351 7491 // info@musicteach.co.za, Berario/Blairgowrie Ontspanningsentrum.

TE KOOP/TE HUUR

Ruim 3-slaapkamer enkelverdieping meenthuis met groot tuin in Northcliff Uitbr. 4 (sien "Property 24" webwerf se verwysing No: P24-103236978).

Skakel - Leon Bezuidenhout : 082 903 7761

HUIS TE KOOP

4-slaapkamer , 3-badkamer huis te koop in Fairland. Binne loopafstand vanaf Laerskool Fairland - R2,55m.

Skakel Andrew Potgieter 082 938 4784.

TE KOOP

Heerlike hormoonvrye, vrylopende lam te koop. Uitstekende gehalte. Slegs half of heel (ongeveer 25 kg vir heel lam kan bestel word teen R95/kg. Lam word opgesny en verpak soos verkies (vakuumverpakking). Kontak Helena 082 337 0051 of hvanzyl@telkomsa.net

WOONSTEL TE HUUR

1-slaapkamer woonstel te huur in Linden vanaf 1 Februarie 2016. Kontak Werner 082 412-8533 vir verdere inligting.

BETROUBARE BEDIENDE

Betroubare, Afrikaanssprekende bediende beskikbaar. Skakel Heidi 084 801 9264.

TAG-A-LONG

U kan die monsters in die kantoor kom besigtig.

TOETS JOU ALARM VOORDAT JY MET VAKANSIE GAAN.

SKELMS GAAN NIE MET VAKANSIE NIE.

011 678 1972

Beagle Watch Armed Response
Linson House, 100 Smit Street, Fairland
Tel: (+27) 11 678 1972
Email - info@beagle-watch.co.za
Visit: - www.beagle-watch.co.za

facebook.com/BeagleWatch
twitter.com/beagle-watch

BEAGLE WATCH

RAWSON

TEL: 011 678 5725
275 Pendoring Road | Northcliff
jan.rb@rawson.co.za
www.rawson.co.za

Properties

RIKA HERBST

BOHLOKOA STUDIO

Saturday, 28 Nov 2015 9am-5pm

Handmade items - for that special gift

169 Kessel Street, Fairland

Come enjoy tea&cake in
our pop-up teagarden!

Studio Sale - Ceramics - Jewelry -Glass

Distance or reading lenses
Includes a GUESS fashion frame
and single vision reflection free stock lenses
Normal Price R3600
Now R2699

Progressive lenses (near and far combined)
Includes a GUESS fashion frame
and multifocal reflection free lenses
(reduces glare for night driving)
Normal Price R7500
Now R5799

DYNAMIC VISION™
LISE-MARIÉ GERMISHUIZEN OPTOMETRIST
T 011 476 3864
Shop 5, Mountain View Shopping Centre, cnr 14th Ave & Weltevreden Dr, Northcliff

Magic Carpet Express
School transport
Glenda Zvenyika
079 629 6521
glenda.zvenyika@gmail.com

Sport Kidz

SPORTWINKEL

VANAF 13 JANUARIE 2016
BY LAERSKOOL FAIRLAND

06:30 - 07:30

MAANDAG - VRYDAG

SEISOENGEBONDE SPORTTOERUSTING

RUGBY, HOKKIE, NETBAL, KRIEKET, TENNIS EN SWEM

KONTAK GERT: 072 437 0812

Legacy Homes
www.legacyhomes.co.za

KAARTFASILITEITE BESKIKBAAR

TAG-a-LONG
LABEL SPECIALISTS

Fairland Laerskool Pack
Personalized Iron-on Labels (40 units)
Peel & Stick Lunchbox Labels (20 units)
Peel & Stick Stationery Labels (100 units)
Peel & Stick Book Labels (20 units)
Happy Birthday Labels (10 units)
R160.00 per pack.

Super Pack
Personalized Iron-on Labels (40 units)
Peel & Stick Lunchbox Labels (20 units)
Peel & Stick Stationery Labels (100 units)
Peel & Stick Bonk Labels (20 units)
NEW Peel & Stick Shoe Labels (20 units)
NEW Bagtag (1 unit)
Happy Birthday Labels (10 units)
R280.00 per pack

Contact Maiveen on 082 460 8694 for further info.

Date:		
Child's Name:		
School & Class:		
Parent's number:		
Fairland Laerskool Pack		R160.00
NEW Super Pack		R200.00
Iron- on Clothing labels (50)		R70.00
Sew-On Labels (50)		R30.00
Peel & Stick Lunchbox Labels (20)		R30.00
NEW Shoe Labels (20)		R30.00
NEW Bagtags (per unit)		R30.00
Peel & Stick Book Labels (20)		R30.00
Peel & Stick Stationery Labels (100)		R60.00
Happy Birthday Labels (30)		R35.00
Merry Christmas Labels (30)		R35.00
Motivational Labels (228)		R25.00
Moms who care (60)		R30.00
Postage		R35.00
Language – English or Afrikaans	**Eng**	**Afr**
Please select Boy or Girl	**Boy**	**Girl**
Total Amount + R35.00 postage		

BAGTAG info:

Name of child:	Tel no for bagtag:	School:	Allergies or medical conditions:

Note: 1 x name per batch, orders will be delivered within 3 weeks.

E-mail all orders to boehme@telkomsa.net. Unfortunately no orders can be processed without proof of EFT payment and completed order form. Banking details: Tag-a-Long, Cheque account, FNB Cape Gate branch no. 251945, Acc. no 62543613768 , ref no. – child surname/MB. Our office will be closed from 18/12/15—06/01/2016.